Saterdag 5 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 9:1-11 (AFR2020)

Fokusgedeelte: Psalm 9:10

## God se liefde en trou stel nie teleur nie

Ons leef in 'n wêreld waar vertroue dikwels op die verkeerde dinge gestel is en liefde voorwaardelik en oppervlakkig is. Maar in Psalm 9 wys Dawid vir ons na die Here wat getrou is en oorvloedig is in sy liefde. Hierdie Psalm rig ons gedagtes op die regverdigheid van God en sy getrouheid aan sy verbond.

Dawid begin hierdie Psalm deur dit duidelik te maak dat hy die Here wil prys met sy hele hart. Dit is nie valse optimisme nie. Dit is 'n belydenis wat gegrond is op die wese van Wie God is. Dawid wil van die wonderdade van God vertel. Hy wil getuig van God se getrouheid deur die geskiedenis. Ons erken dat aanbidding begin by ons kennis van Wie God is – nie wie ons graag wil hê God moet wees nie. Sy naam, sy eienskappe en sy dade deur die geskiedenis is die hoeksteen van God se liefde en trou.

Deel van hierdie werke van God sluit in sy regverdige oordeel oor die vyande. Dit gaan nie hier oor my en jou vyande of die mense met wie ons in konflik staan nie, maar hulle wat die karakter van God bevraagteken en nie op God vertrou nie. In 'n wêreld wat deurtrek is van ongeregtigheid is die oordeel nie iets wat ons moet vrees nie, maar waarin ons juis ons troos moet vind. God is nie net ons persoonlike toevlug nie, maar ook die ewige Koning wat die regverdige beskerm en die bose straf.

God se regverdigheid vloei uit sy liefde vir dit wat reg is. Die duidelikste teken hiervan is die kruis. God se liefde en regverdigheid word in kosbare harmonie aan die kruis geopenbaar wanneer Christus as volmaakte offer aan die kruis sterf.

God se regering kan nie bedreig word deur die chaos en die vyande van hierdie wêreld nie. God se liefde word sigbaar in die feit dat Hy 'n toevlug is vir dié wat op Hom vertrou. God regeer oor alle dinge vir sy heerlikheid en ten goede vir dié wat op Hom vertrou. Daarom plaas ons nie ons vertroue op ons omstandighede in die hier en die nou nie, maar in die sekerheid dat God onveranderlik is.

Die realiteit van die lewe is dat ons dikwels beproef word deur moeilike omstandighede. Wêreldmagte is gewikkel in 'n magstryd, nader aan die huis beleef ons finansiële druk en gesondheidsuitdagings. Hierdie uitdagings moet ons egter nie moedeloos maak nie. Inteendeel – dit moet ons juis herinner dat ons troos en toevlug nie in ons omstandighede is nie. Dawid skryf vers 10 in die toekomende tyd – soos wat God nog altyd 'n toevlug was vir dié wat Hom ken, so sal Hy ook wees in die toekoms. Daar sal nie 'n enkele dag wees op aarde, ongeag die uitdagings van omstandighede, wat God nie 'n toevlugsoord sal wees nie.

Ons weet dit met sekerheid, want dit is hoe God Homself bekend maak in sy Woord. Daarom leef ons in dankbaarheid en getuig van die heerlikheid van die Here oral waar ons gaan.

*Sing: Psalm 9-1:7*

*Ds. PF (Peter) Venter (Hoëveld/Witbank)*